


Die Persoonlikheid van die Heilige Gees



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Johannes 16:13, 14; Romeine 8:14-16; Romeine 15:13; Johannes 14:6; Johannes 17:17; Romeine 5:5.

Geheeteks:

“Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (*Joh. 14:26*).

Omdat die Heilige Gees in die Bybel in soms onpersoonlike terme uitgebeeld word, soos wind of vuur, beskou sommige Hom as onpersoonlik, ‘n soort goddelike krag. Uit hulle oogpunt is Hy eerder iets soos ‘n elektriese stroom wat ons in staat stel, eerder as ‘n lewende persoonlike Wese. Maar die vraag is nie of sommige teksgedeeltes uitgelig kan word waarin die Heilige Gees in onpersoonlike optredes of invloede raakgesien word nie. Die vraag is of daar wel ‘n aantal dele in die Skrif bestaan waarin Hy positief bevestig word as iemand met ‘n persoonlikheid.

Daar bestaan beslis teksgedeeltes wat ons in ag moet neem om ‘n vollediger beeld te verkry van wie die Heilige Gees is. Hierdie week gaan ons meer leer oor die persoonlikheid van die Heilige Gees, soos wat Hy in die Skrif beskryf word. Hierdie waarheid sal ons in staat stel om die rol van God se goddelike hulp, die Gees, beter in ons lewens te begryp. Dit sal ons in staat stel om ‘n dieper begrip van die belangrikheid, in die geloof van die persoonlikheid van die Heilige Gees, in ons geestelike lewens te verkry. Slegs wanneer ons die regte gedagtes oor Hom koester, kan ons die korrekte eienskappe in ons eie lewens aan Hom toedig: liefde, eerbied, vertrouwe en nederigheid.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 28 Januarie.*

Jesus se beskrywing van die Heilige Gees

Lees Johannes 16:13, 14; Johannes 15:26, 27; en Johannes 14:17, 26. Watter baie persoonlike karaktereenskappe skryf Jesus toe aan die Heilige Gees in hierdie teksverse? Wat beteken dit vir jou as Jesus die Heilige Gees as ‘n helper of trooster beskryf (*parakletos*)?

Volgens Jesus doen die Heilige Gees die volgende: rig, praat, hoor, maak bekend en verheerlik (*Joh. 16:13, 14*). Die Heilige Gees *onderrig* (leer) en herinner ons ook (*Joh. 14:26*). Hy woon in ons (*Joh. 14:17*), Hy getuig (*Joh. 15:24, 26*) en Hy oortuig (*Joh. 16:8*). Al hierdie dinge klink soos die optrede van vorstelike persoonlikheid eerder as van ‘n onpersoonlike krag.

Lees Johannes 14:16-18. Hoe sou Jesus se belofte vervul word? Op watter wyse is die dissipels nie alleen gelaat nie?

Jesus is besorg oor sy volgelinge. Hy sou nie sy dissipels as weeskinders agterlaat nie. Hy beloof om die Heilige Gees te stuur. Jesus meld hier spesifiek dat Hy ‘n “ander helper” of “trooster” sal stuur. Die woorde wat Jesus hier gebruik, is besonder betekenisvol. Hy beloof om ‘n ander helper te stuur. Nie ‘n verskillende een nie. Die Griekse woord vir “ander” is “*allos*”. In Grieks as taal van die Nuwe Testament, dui “*allos*” daarop dat Christus ‘n ander trooster sal stuur, ‘n aparte entiteit, maar van soortgelyke karakter en wat dieselfde soos Hy is. Met ander woorde, Jesus beloof Een soos Hyself, Een wat sy plek sal neem, Een wat sy werk in ons sal voortsit, en wat sy verteenwoordiger is. Hierdie werk van die Heilige Gees is die werk van ‘n helper of trooster. Die Bybel gebruik hier die Griekse woord *parakletos* (*Joh. 14:16*), om iemand te beskryf op wie se hulp staatgemaak kan word, vir bystand, iemand wat opgeroep is tot ons hulp. Net soos Jesus ‘n Persoon is, is die Heilige Gees ook persoonlik. Hierdie idee word gesteun deur die feit dat persoonlike eienskappe dikwels aan die Heilige Gees toegedig word (*lees Joh. 14:26, 15:26, Hand. 15:28, Rom. 8:26, 1 Kor. 12:11, 1 Tim. 4:1*).

Waarom is dit soveel meer vertroostend om te weet dat die Heilige Gees ‘n persoonlikheid is, in stede van slegs ‘n krag?

Persoonlike aspekte van die Heilige Gees: deel 1

Terwyl jy die volgende teksverse lees, vra jouself af of daar eerder van ‘n onpersoonlike krag gepraat word, as (of) van ‘n goddelike Persoon. *Rom. 8:14-16, 27; Rom. 15:30; 1 Kor. 2:10; Hand. 8:29; 10:19, 20; 28:25.*

Kan ‘n onpersoonlike krag namens ons intree? Het ‘n onpersoonlike gees of krag die vermoë om dinge aangaande God aan ons bekend te maak? Het ‘n onpersoonlike invloed die vermoë om te praat? Al hierdie bybelse stellings maak baie meer sin indien die Heilige Gees ‘n persoonlike wese is, en nie bloot een of ander onpersoonlike krag nie.

Lees die volgende teksverse. Watter persoonlike eienskappe word aan die Heilige Gees in hierdie gedeeltes toegeskryf? *Efe. 4:30; Hand. 5:3, 9; 1 Kor. 12:11; Rom. 15:30.*

Die onderskeidende karaktereenskappe van ‘n persoonlikheid is kennis (of begrip), gevoel, en wil. Slegs ‘n persoonlikheid kan hartseer beleef. Slegs ‘n persoonlike wese kan mislei word en voor gelieg word. Slegs ‘n persoonlike wese het die vermoë om te kies soos hy wil en besit sy eie wilskrag. Hierdie wilskrag is dalk een van die onderskeidendste elemente en karaktereenskappe in enige persoonlikheid. En slegs ‘n persoonlike wese het die vermoë om lief te hê. Ware liefde is onbegryplik in ‘n abstrakte en onpersoonlike wyse. Liefde gaan gepaard met ‘n baie spesiale persoonlike kenmerk. Hierdie eienskappe van persoonlikheid is ‘n aanduiding dat die Heilige Gees ‘n selfbewuste wese is wat oor selfkennis beskik, ‘n eie wil het, sy eie doelgerigtheid ook handhaaf, Iemand wat in staat is om lief te hê. Hy is nie skaduagtige invloed of onpersoonlike wese nie. Die Heilige Gees word op al hierdie verskillende wyses genoem, omdat God Self ook ‘n persoonlike God is. “Die Heilige Gees beskik oor ‘n persoonlikheid, andersins sou Hy nie ‘n getuie tot en vir ons siele wees nie; die wete dat ons kinders van God is. Hy moet ook ‘n goddelike persoon wees, andersins sou Hy nie die geheimenisse wat verborge in God se verstand lê, kon ken nie.”—Ellen G. White, *Evangelism*, p. 617.

Hoe beïnvloed die bybelse perspektief, dat die Heilige Gees oor karaktereenskappe beskik en ‘n persoonlikheid het, ons verhouding met Hom? Wat sou anders wees indien die Heilige Gees slegs ‘n onpersoonlike krag, eerder as God Self was?

Persoonlike aspekte van die Heilige Gees: deel 2

Ons kom voor 'n uitdaging te staan wanneer ons 'n begrip van die Heilige Gees probeer kry, want ons stel God as die Vader op 'n tasbare wyse aan onself voor. Talle het 'n konkrete beeld van Jesus, want Hy word in die evangelies beskryf. Hy het ons menslike gedaante aangeneem en in 'n menslike vorm aan ons verskyn. Die Heilige Gees word egter op 'n heel ander wyse voorgestel. Hy skyn ontasbaar te wees, en heelwat ingewikkelder om te begryp as die Vader en die Seun. Daarom kom sommige tot die gevolgtrekking dat die Heilige Gees slegs 'n onpersoonlike mag is. Ons het tot dusver gesien dat hierdie idee nie werklik reg laat geskied aan die aard van die Heilige Gees nie. Trouens, daar is uitsprake in die Bybel wat geen sin sou maak indien die Heilige Gees slegs 'n onpersoonlike mag of (goddelike) krag was nie.

Lees die volgende twee gedeeltes sorgvuldig deur en kyk of dit sin maak indien mens die verwysing na die Heilige Gees met die onpersoonlike woord “krag” vervang. Waarom maak hierdie teksverse slegs sin indien die Heilige Gees inderdaad 'n Persoon is?

Rom. 15:13

1 Kor. 2:4

Die stelling van die apostels “die Heilige Gees en ons het besluit” (*Hand. 15:28, AFR83*) sou absurd wees indien die Heilige Gees 'n onpersoonlike invloed was. Hierdie stelling is eerder 'n aanduiding van 'n ander persoonlike wese, net soos wat die Vader en die Seun persoonlike wesens is.

Wat nog verder waar is, hoe kan gelowiges “in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” (*Matt. 28:19*) gedoop word indien die eerste twee wat genoem word Persone is, maar die derde nie? Dit maak nie goeie sin nie. Trouens, al drie wat hier genoem word, word as deel van dieselfde enkele naam genoem in wie ons gedoop word. Die Heilige Gees word hier dus geopenbaar om op dieselfde vlak as God die Vader en God die Seun te wees. Ellen G. White het met sterk waarneming die volgende gesê: “daar is drie lewende persone van die hemelse trio . . . die Vader, die Seun, en die Heilige Gees.”—Ellen G. White, *Evangelism*, p. 615. Sy is baie duidelik oor die bestaande persoonlikheid van die Heilige Gees.

Die Gees van waarheid

Lees Johannes 14:6 en 17:17. Watter betekenis het waarheid in hierdie teksgedeeltes?

In die evangelie van Johannes is die waarheid ‘n kernwoord. Ons hedendaagse begrip van waarheid is dikwels abstrak en teoreties. In die Westerse wêreld het dit ontwikkel uit die Griekse filosofie. Maar in die Bybel, en veral in Johannes se evangelie, dra die waarheid ‘n baie persoonlike en spesifieke betekenis: Jesus is die waarheid (*Joh. 14:6*). Al is God se geskrewe Woord die waarheid (*vergelyk met Joh. 17:17, Ps. 119:142*), word God se waarheid geopenbaar op ‘n opperste wyse in die persoon van Jesus Christus. ‘n Ware kennis van God word aan ons gegee deur Jesus, van wie die Skrif spreek, omdat God Homself deur Hom (Jesus) geopenbaar het.

Lees Johannes 15:26 en 16:13. Watter funksie verrig die Heilige Gees as die Gees van die waarheid?

In Johannes 16:13 word ons meegedeel dat die Gees van die waarheid ons sal lei in die hele waarheid. Hy doen dit deur na Jesus Christus te verwys, en om ons te help om te onthou wat Jesus gesê (*Joh. 15:26*) en vir ons gedoen het. Die waarheid waarin die Heilige Gees ons lei, is baie persoonlik: Hy verhoog Jesus en lei ons daartoe om ‘n lewende en getroue verhouding met Hom te hê. Toe Jesus met die vrou van Samaria gepraat het, het Hy gesê dat God in gees en waarheid aanbid moet word (*Joh. 4:24*). Wanneer ons vra vir die leiding van die Heilige Gees, sal Hy ons na Jesus toe lei, en Hy is die weg en die waarheid en die lewe (*Joh. 14:6*).

In die Bybel is die waarheid geen abstrakte ding of teorie nie, iets wat dikwels in die filosofie so uitgebeeld word. Die waarheid beslaan ‘n diepgaande persoonlike en getroue verhouding met ons Skepper en Verlosser, wat genoem word “die God van die hele waarheid” (*vergelyk met Deut. 32:4, Ps. 31:5*). Daarom word die Heilige Gees tereg die “Gees van die waarheid” (*Joh. 14:17; 16:13*) genoem, wat na ons gestuur is van God die Vader (*Joh. 15:26*), ‘n aanduiding nie slegs van sy persoonlike karakter nie, maar ook sy goddelikheid.

Ons neig om aan die waarheid te dink in terme van voorstellings, soos die logiese konsep wat bekend staan as *modus ponens*. “Indien A, dan B. A, is daarom B.” Dis nie te betwyfel nie, maar baie van wat ons begryp as die waarheid, verstaan ons as veronderstellings. Maar hoe verstaan jy, egter, die idee van die waarheid as ‘n Persoon? Bespreek jou antwoord Sabbat met die res van die klas.

Waarom maak dit saak?

Die vraag rakende die persoonlikheid van die Heilige Gees is van uiterste belang, en het verrykende praktiese implikasies. “Indien Hy ‘n goddelike persoon is, en ons aan Hom dink as ‘n onpersoonlike invloed, dan berooft ons ‘n goddelike persoon van die onderdanigheid, eer, en liefde wat Hom toekom.”—LeRoy Edwin Froom, *The Coming of the Comforter*, p. 40. As ons aan die Heilige Gees dink as ‘n misterieuse goddelike krag, sal ons denke wees: Hoe kan ek meer van die Heilige Gees hê? Maar as ons aan die Heilige Gees dink as ‘n goddelike Persoon, sal ons vra: Hoe kan die Heilige Gees meer van my hê? Die beslissende punt hier is: Wil jy die Heilige Gees besit, of wil jy hê die Heilige Gees moet jou besit? Weerstaan jy sy invloed, of is jy gewillig om Hom in vreugdevolle gehoorsaamheid te volg (*lees Rom. 8:12–14, Gal. 5:18–24*)? Wil jy die Heilige Gees volgens jou eie planne gebruik, of maak jy staat op Hom sodat Hy jou in staat kan stel om meer soos Jesus te word en te doen wat Hy vir jou in gedagte het? Neem jy die feit dat jou “liggaam ‘n tempel (is) van die Heilige Gees wat in julle is, en wat julle van God het” ernstig op (*1 Kor. 6:19*) en is jy bereid om God te verheerlik in die wyse waarop jy leef?

Lees Romeine 5:5 en Efesiërs 2:18, 19. Hoe is die Heilige Gees en God se liefde aan mekaar verbind? Watter impak het dit vir jou op ‘n persoonlike vlak en vir die kerk?

Slegs persone kan bewustelik kies om saam met ander te werk. Ons word uitgenooi om saam met die Heilige Gees te werk, terwyl Hy lei en ons persoonlik transformeer, en die kerk as geheel transformeer. Indien ons nie die Heilige Gees erken as ‘n Persoon in die drie-enige Godheid nie, sal dit vir ons makliker wees om Hom te ignoreer, om ons ore doof te hou vir sy uitnodiging, en om ons harte te verhard teen die lewensveranderende invloede wat Hy bring. Omdat ons gevalle wesens is, vol sonde en met ‘n behoefte aan God se transformerende genade, is die laaste ding wat ons nodig het om te doen, om die influistering van die Heilige Gees in ons lewens te ignoreer. As daar enigiets is wat ons moet doen, is dit om meer van onself aan Hom te gee. Wanneer ons dus die Heilige Gees erken as ‘n goddelike Persoon wat ons wil gebruik, staan God in die middelpunt van ons Christelike belewenis.

“Ons kan die Heilige Gees nie gebruik nie. Die Gees moet ons gebruik.”—Die Koning van die Eeue, p. 672. Wat dink jy het Ellen G. White hiermee bedoel? Hoe kan die Heilige Gees ons gebruik? (*Lees Fil. 2:13.*)

Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, pp. 669-672, waar sy van die Heilige Gees praat. Lees ook *Evangelism*, pp. 613-617. “En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (*Matt. 28:18-20*). Let op dat toe Jesus hulle elkeen hul opdrag en werk gee, het Hy gesê dat die dissipels in die “naam” enkelvoud, van die Vader, Seun en Heilige Gees moet doop. Hy het nie gesê “name” nie, maar slegs “naam” (Grieks: *onoma*). Dis ‘n heelwat kragtiger bewys van die drie-enige aard van ons Een God (“Hoor, Israel, die Here onse God is ‘n enige Here” [*Deut. 6:4*]). Soos hierdie week se les reeds uitgewys het, bevraagteken niemand die persoonlikheid van die Vader en die Seun nie; waarom sou enigeen dus die persoonlikheid en persoon van die Heilige Gees in twyfel trek? Volgens die Bybel besit ons die liefdevolle, versorgende en vertroostende teenwoordigheid van God Self terwyl Hy in en deur ons werksaam is. Dis wie die Heilige Gees is en wat Hy doen. Hoeveel beter is dit om te weet dat sy blywende teenwoordigheid in die vorm van ‘n Persoon is, net soveel as wat die Vader en Jesus is. Ja, dit is moeilik om ten volle te verstaan. Maar wat daarvan? Indien ons nie die aard van iets ten volle verstaan nie, (byvoorbeeld iets basies soos die wind of lig) hoeveel te meer sal ons nie in staat wees om die aard van die Heilige Gees ten volle te verstaan nie?

Vrae om te bespreek:

- 1. Bespreek die antwoorde op Woensdag se vraag. Dit handel oor die waarheid as ‘n Persoon, naamlik Jesus Christus. Wat is die betekenis daarvan? Waarom sou Jesus die Waarheid wees? Hoe verstaan ons “waarheid” op hierdie wyse, eerder as blote proposisies of voorskrifte?**
- 2. Ellen G. White skryf: “Ons moet beseef dat die Heilige Gees, net so ‘n persoon soos God is, en bewandel hierdie grond.”—Ellen G. White, *Evangelism*, p. 616. Wat vertel dit ons aangaande die werklikheid en teenwoordigheid van die Heilige Gees?**
- 3. Kyk weer na die kenmerke en karaktereenskappe van die Heilige Gees wat ons hierdie week bestudeer het. Watter punte is veral vir jou vertroostend? Watter een beteken vir jou die meeste? Praat oor die verskillende keuses wat die klaslede gemaak het.**
- 4. Waarmee kan jy jouself beter vereenselwig: ‘n onpersoonlike mag, of ‘n persoonlikheid? Wat is die gevolge van jou antwoord?**

